**30 Desember** **Skrifgedeelte: Matteus 2:13-18**
**Fokusgedeelte: Matteus 2:15b**

## Die oorwinningstog het begin!

Ná Kersfees se menslike romantiek kom die kruiskant van Kersfees na vore. Die lelike gesig van die wêreld en die mensdom word uitgebeeld in die haat van Herodes. Met Josef, Maria en die Kindjie se vlug na Egipte kry ons die gevoel dat die bose oorwin. Tog is dit reeds ’n oorwinningstog, want die profesie uit Hosea 11:1 gaan in vervulling. In Egipte het Israel swaargekry, nie net deur die onderdrukking van die farao nie, maar ook in hulle afgodsdiens. Die Here laat hulle egter triomfantelik uittrek, goed georganiseerd, met groot rykdom (Eks 13:18).

Tog het die uittog die klem nie primêr op Israel laat val nie. In die seun, Israel, was die Seun reeds aanwesig. Deur sy magswoord bring God die bevryding. In hierdie magswoord lê reeds die Woord, die Seun opgesluit.

In die tyd van Hosea was Israel ontrou soos ’n prostituut. Juis in dié tyd laat die Here Hosea profeteer (aangehaal in Matt 2:15): “Uit Egipte het Ek my seun geroep.” Ten spyte van die lelike gesig van ontrou, het die Here sy seun, Israel, lief – ter wille van die Seun. Hy roep sy seun uit Egipte en Hy roep sy seun uit Babel om Jesus Christus ontwil. Om Jesus ontwil kon Israel glorieryk uit Egipte trek. Om Jesus ontwil het hy sy volk in Babel lief. Sy volk bestaan ter wille van die Seun. As hierdie Seun as klein seuntjie saam met Josef en Maria na Egipte gaan, is die triomf reeds in sy vernedering aanwesig.

God roep sy seun, Israel, uit Egipte. Dit is bevryding. God roep sy Seun uit Egipte, vir jou tot bevryding van die lelike van die sonde en dood. Hy doen dit sodat jy deel kan wees van die menigte wat sing van sy oorwinning (Op 19:1-4). As jy dan die uittog uit hierdie lewe begin, as jy in jou sterwe heengaan, onthou dat Hy sy Seun geroep het, sodat jou sterwe ’n triomftog kan wees.

*Sing: Psalm 94:1, 8 (1936-beryming);*
*Psalm 94:1, 8 (2001-omdigting)*

*Ds. CA Jansen (Welkom-Noord)*